PERFORMER

Reg. No.: L 8069 Act /Wet No. 36 of/van 1947

A mineral oil in emulsion for use as a spreading and penetrating adjuvant together with specified herbicides to enhance the effectiveness of such products.

'n Mineraal olie in emulsie vir die gebruik as 'n verpreidings- en penetreerende byvoegmiddel saam met gespesifiseerde onkruiddoders om die doeltreffendheid van sodanige produkte te bevorder.

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:
Medium mineral oil / medium minerale olie ..... 363 g/ℓ

Contains / Bevat:
Ammonium sulphate / Ammonium sulfaat ..... 100 g/ℓ

Contents / Inhoud: ℓ

Registration holder / Registrasiehouer:
TSUNAMI PLANT PROTECTION (PTY) LTD
Co. Reg. No. / Mpy. Reg. Nr.: 2004/020524/07
P.O. Box / Posbus 466
HEIDELBERG, SOUTH AFRICA
Tel: (011) 812 9800

Tsunami
PLANT PROTECTION

Batch No: / Lotnr:

Date of formulation / Formuleringsdatum:

UN Number: 3082

READ THE LABEL IN DETAIL BEFORE OPENING THE CONTAINER.
LEES DIE ETIKET VOLLEDIG VOORDAT DIE HOUER OOPGEMAAK WORD.

For full particulars, see enclosed leaflet. / Vir volledige besonderhede, sien ingeslote pamflet.

PERFORMER

Reg. No.: L 8069 Act/Wet No. 36 of/van 1947

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:
Medium mineral oil / medium minerale olie …… 363 g/ℓ

Contains / Bevat:
Ammonium sulphate / Ammonium sulfaat …… 100 g/ℓ

Registration holder / Registrasiehouer:
TSUNAMI PLANT PROTECTION (PTY) LTD
Co. Reg. No. / Mpy. Reg. Nr.: 2004/020524/07
P.O. Box / Posbus 466, HEIDELBERG, 1438, TEL: (011) 812 9800

CAUTION / VERSIGTIG

Lees altyd noukeurig die etikette van produkte wat saam met PERFORMER in 'n tenkmengsel gemeng word. Gehoorsaam die WAARSKUWINGS, VOORSORGMAATREËLS, WAGPERIODES en GEBRUIKSAANWYSINGS soos aangedui is op daardie betrokke produk etikette.

WAARSKUWINGS:

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingesluk word.
- Veroorsaak matige oog- en velirritasie.
- Mag giftig vir visseen water organismes wees.
- Berg in 'n koel, droë plek, weg van voedsel, voer en saad.
- Hou buite die bereik van kinders, diere en oningeligte persone.

Hoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffenheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, onverenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordlikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Vermy kontak met die vel.
- Dra beskermende klere, geskikte masker en rubberhandskoene wanneer die produk hanteer en gemeng word.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige vel kontak.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- In geval van velkontak, verwyder gekontamineerde klere, skoen en leer items, onmiddellik. Was die vel sagkens en deeglik met skoon water en nie-skurende seep, totdat geen chemikalieë oorbly. Verkry mediese hulp indien irritasie voortduur.
- In geval van oogkontak, spoel oë met groot hoeveelhede sagvloeiende koue water, terwyl bo- en onder-ooglede gereeld opgelig word, vir ten minste 15 tot 20 minute totdat geen chemikalieë oorbly. Verkry mediese hulp indien irritasie voortduur.
- Indien produk ingesluk en na longe ingeasem is, kan chemiese inflammasie van die longe veroorsaak word. Moet nie braking veroorsaak nie. Verkry mediese hulp.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.

- Vermy wegdryf van spuitnewel na ander gewasse, weiveld, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Doen weg met uitspoelwater waar gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate nie besoedel word nie.
- Leë houers moet driekeer uitgespoel word soos volg: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig die leë houer deur gate daarin te kap en plat te slaan en doen weg daarmee op ‘n veilige manier.
- Moet **nooit** die leë houer vir enige ander doel hergebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

<u>GEBRUIKSAANWYSINGS:</u> Gebruik slegs soos aangedui.

Produk eienskappe:
- **PERFORMER** bevat 10% ammonium sulfaat. Byvoeging van addisionele ammonium sulfaat tot die spuitmengsel word nie aanbeveel nie.
- Gebruik **PERFORMER** as ’n verspreidings- en penetreerende byvoegmiddel saam met die geskikte onkruiddoders.
- **PERFORMER** bevorder die effektiwiteit van die onkruiddoder vir na-opkoms beheer van seker onkruidspesies.

Verenigbaarheid:
- **PERFORMER** is verenigbaar met 'n wye verskeidenheid plaagdoders. Aangesien dit nie moontlik is vir Tsunami Plant Protection om alle moontlike kombinasies te toets nie, dra die verbruiker die verantwoordelikheid om 'n mengbaarheidstoets uit te oefen, indien tenkmengsels oorweeg word.
- **PERFORMER** is verenigbaar met MCPA 400 SL en met atrasien plus terbutilasien (600 SC) bevattende produkte.

Menginstruksies:
- Maak die spuittenk halfvol met skoon water.
- Eerstens meet en meng die produk van belang volgens die produk etiket instruksies.
- Roer die water in die spuittenk en voeg die produk van belang by.
- Meet die verlangde volume van **PERFORMER** af en voeg by die spuittenk mengsel.
- Vul die spuittenk met water tot the verlangde volume, terwyl roering gehandhaaf word sodat deeglike vermening verseker word.
- Roer tydens toediening.
- Gebruik die voorbereide mengsel dadelik.
- Moet nie die mengsel vir lang periodes, byvoorbeeld oornag laat staan nie.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

GEWAS/PLAAG:	DOSIS:	OPMERKING:
KORING **Winterreënval area:** Na-opkomsbeheer van spesifieke onkruide.	1,0 ℓ plus 2,0 ℓ MCPA 400 SL per hektaar	Dien die **PERFORMER**/MCPA spuitmengsel toe volgens die aanwysings soos aangedui op die betrokke MCPA etiket. Dien die spuitmengsel toe wanneer die gewas groeistadia tussen 7 en 13 bereik volgens die LNR-Kleingraaninstituut, Bethlehem se groeistadium lys. Verwys na die betrokke MCPA etiket vir verdere instruksies en gebruiksaanwysings.
MIELIES & **GRAAN SORGHUM** Na-opkomsbeheer van spesifieke onkruide.	300 – 500 mℓ plus atrasien + terbutilasien produk per 100 ℓ water	Dien die **PERFORMER**/atrasien plus terbutilasien spuitmengsel volgens die aanwysings soos aangedui op die betrokke atrasien plus terbutilasien (600 SC) etiket. Verwys na die betrokke atrasien plus terbutilasien etiket vir verdere instruksies, gebruiksaanwysings en dosis volgens persentasie klei.
	300 – 500 mℓ plus geskikte onkruiddoder per 100 ℓ water	Dien die **PERFORMER**/onkruiddoder spuitmengsel toe volgens die aanwysings soos aangedui op die betrokke onkruiddoder etiket. Verwys na die betrokke onkruiddoder etiket vir verdere instruksies, gebruiksaanwysings en dosis.